Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

MEI 2022

Bulletin

#overstrand4all **Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand** #C4ourself

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

GOEDKEURING VAN VOORGESTELDE ONTWIKKELINGS BINNE (DIGBY) WATERLOPE GEWYSIG

Onlangs het 'n aansoek om 'n eiendom in Pringlebaai, gesoneer as residensieel 1, te ontwikkel 'n groot opskudding veroorsaak aangesien die betrokke erf as 'n "waterloop" geklassifiseer is gegrond op die Nasionale Vleilandkaart (NWM5) soos gepubliseer onder toesig van die departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning (DEA&DP).

In die geval van hierdie aansoek het die DEA&DP bevind dat aangesien die grootste gedeelte van erf ***, Pringlebaai gekarteer is as 'n *"channelled valley-bottom wetland"*, die departement van water en sanitasie en/of die betrokke opvangsgebiedbestuursagentskap geraadpleeg moet word ten opsigte van ontwikkeling binne of digby 'n waterloop.

Die DEA&DP het derhalwe opdrag gegee dat 'n aansoek om die eiendom te ontwikkel, ingedien moet word by die Breede-Gouritz-opvangsgebied bestuursagentskap (BGCMA) ooreenkomstig die Nasionale Waterwet (NWW, 1998).

- a) 'n rivier of fontein;
- b) 'n natuurlike kanaal waardeur water gereeld of afwisselend vloei;
- c) 'n vleiland, 'n meer of dam waarin of waaruit water vloei; en
- d) enige watermassa wat die minister, per kennisgewing in die Staatskoerant, as 'n waterloop verklaar, en dat 'n verwysing na 'n waterloop sal, waar van toepassing, ook daardie waterloop se bedding en oewers insluit [vertaal]. (NWW, 1998)

Gegewe die DEA&DP se opdrag het Overstrand se afdeling omgewingsbestuur (EMS) geen ander keuse gehad as om die eienaar te versoek om magtiging van die BGCMA te verkry alvorens die ingediende bouplanne goedgekeur kon word nie.

Ter bespoediging van goedkeurings

Munisipaliteit Overstrand is maar al te bewus dat om goedkeuring vanaf die BGCMA te verkry alvorens ontwikkelings (d.w.s. bouplanne) goedgekeur kan word, oponthoude en heelwat frustrasie kan veroorsaak, veral aangesien 'n groot persentasie van residensiële erwe binne die gebied as vleilande geklassifiseer is.

In 'n poging om die goedkeuringsproses vir residensiële ontwikkelings binne vleilande in Overstrand se stedelike gebied te bespoedig, het die EMS die BGCMA betrek om die weg vorentoe te baan.

Tot dusver is vasgestel dat 'n kundige wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Natuurwetenskaplike Beroepe (SACNASP) geakkrediteer is, 'n risiko-matriks vir die voorgestelde ontwikkeling moet opstel en dan daardie matriks aan die BGCMA moet voorlê. Aangesien EMS-amptenare nie deur SACNASP geakkrediteer is nie, kan hulle nie terreinbesoeke aflê om te bepaal of 'n waterloop wel op die eiendom voorkom of nie, en is hulle derhalwe ook nie by magte om die vereiste matriks te voltooi nie.

Hier volg 'n paar wenke oor hoe om die goedkeuringsproses te bespoedig vir bouplanne wat aan die tersaaklike owerheid (in hierdie geval die BGCMA) voorgelê moet word:

- Bepaal eers, voordat bouplanne ingedien word, of die eiendom as 'n vleiland geklassifiseer is. Beide die DEA&DP en die BGCMA maak gebruik van 'n aanlyn karteringsprogram, CapeFarmMapper, om 'n eiendom se klassifikasie te bepaal. (Sien instruksies oor hoe om hierdie program te gebruik hieronder.)
- As die eiendom as 'n vleiland geklassifiseer is, stel 'n geakkrediteerde SACNASP-kundige aan om die vereiste risiko-matriks te voltooi.
- Om potensiële risiko's tot die minimum te beperk, dien planne in vir huise met stelte sodat water op die eiendom ongehinderd deur die vleiland kan vloei.
- Sorg dat die kubieke meter (m3) vulling wat vir die ontwikkeling voorgestel word, ingesluit is aangesien die BGCMA hierdie inligting in die goedkeuringsproses gaan aanvra.
- Maak ook seker dat die invulling en die vierkante meter (m2) dekking vir die voorgestelde ontwikkeling, ingeslote die riooltenkinstallasie, inritte, ens., op die plan aangetoon word. (Let daarop dat die aanbeveling is om grasblokke as plaveisel vir harde oppervlakke soos inritte te gebruik.)

Breede-Gouritz-opvangsgebiedbestuursagentskap

Vir details oor die BGCMA, besoek https://breedegouritzcma.co.za/

Navrae rakende indienings/goedkeurings kan per e-pos gerig word aan Fabion Smith (fsmith@bgcma.co.za) en Thembela Bushula (tbushula@bgcma.co.za). Sorg asseblief dat albei amptenare by alle e-posse ingesluit word.

CapeFarmMapper

Hierdie aanlynkarteringsprogram is toeganklik via https://gis.elsenburg.com/apps/cfm/

Om te bepaal of die eiendom binne of digby 'n geklassifiseerde vleiland lê of 'n rivier bevat, skakel die lae aan soos hieronder geïllustreer. Om seker te maak jy kyk na die regte eiendom, skakel ook die etiket aan wat die erfnommer wys deur met die muis oor die area soos in die vierde grafiek gewys, te hang en dan die etiketblokkie te merk.



KONFERENSIE EERSDAAGS GEHOU
Ontginning van Investeringsgeleenthede in die Overstrand

As deel van sy veldtog om ekonomiese ontwikkeling in die Overstrand op 'n volhoubare en omgewingsvriendelike wyse te bespoedig, gaan Munisipaliteit Overstrand 'n twee dae lange konferensie vir potensiële investeerders van 23-24 Junie 2022 in Hermanus aanbied.

Die Overstrand met sy unieke ligging bied ongetwyfeld verskeie geleenthede vir diegene wat in meer as net toerisme en die gasvryheidsbedryf wil belê.

Gegewe die hoeveelheid mense wat na Overstrand stroom om hulle hier te vestig, moet nuwe moontlikhede om volhoubare werksgeleenthede te skep egter dringend ondersoek word.

Tot op hede het Overstrand verskeie ontwikkelings geïnisieer, insluitend 'n nywerheidspark en 'n afgebakende area waar kleinskaalse ondernemings geakkommodeer kan word.

Desnieteenstaande, om die volle potensiaal van die Overstrand tot voordeel van sy mense te ontwikkel, moet potensiële investeerders geraadpleeg word sodat elke moontlike manier om werk en ekonomiese welstand te skep, verken word. Hiervoor is 'n sagte benadering met 'n vermenging van produkte wat ons streek sal komplementeer nodig.

Met hierdie doel voor oë gaan Overstrand se departement investering en infrastruktuur verskeie potensiële investeerders nooi om 'n konferensie by te woon oor hoe Overstrand se potensiële investeringsgeleenthede ten beste ontgin kan word.

Hou die pers dop vir details en 'n skakel vir aanlyn registrasie.

VERSKEIE SUKSESSE OP OPERASIE LUNGISA SE KERFSTOK

Verwydering van verouderde bederfbare goedere

In Februarie vanjaar het Overstrand se onderburgemeester, rdl. Lindile Ntsabo, Operasie Lungisa van stapel gestuur as 'n daadwerklike poging om misdaad te bekamp en sigbare wetstoepassing in die Overstrand te verhoog.

In sy hoedanigheid as voorsitter van die portefeulje beskermingsdienste op die burgemeesterskomitee, het rdl. Ntsabo verskeie rolspelers wat hulle met wetstoepassing bemoei (bv. die SAPD, Overstrand-wetstoepassing se taakspan en blitsreaksie- en honde-eenheid) sowel as ander entiteite soos CapeNature, die departement van visserye, bosbou en die omgewing en die Overbergdistriksmunisipaliteit se gesondheidsdepartement by dié operasie betrek.

Gesamentlik kan Operasie Lungisa met verskeie suksesse spog:

- 'n Inspeksie van verskeie ondernemings in Zwelihle het aan die lig gebring dat winkeleienaars bederfbare goedere waarvan die verkoopdatum lankal verstryk het, steeds te koop aanbied. Die oortreders is aangesê om dié items van hul rakke te verwyder en is ooreenkomstig die regulasies uitgevaardig ingevolge toepaslike wetgewing beboet.
- In die Hangklip-Kleinmond-area het misdaadvoorkomingspatrollies wat langs stropers se gunstelingroetes en by brandpunte gehou is, daartoe gelei dat sewe vermeende oortreders gearresteer is en beslag gelê is hul buit sowel as toerusting ter waarde van ongeveer R1.5 miljoen.
- 'n Roetinepatrollie langs die R43 het gelei tot die inhegtenisneming van 'n vrou wat in besit van 'n groot hoeveelheid onwettige dwelms (Mandrax en Tik) betrap is, en het ook daartoe gelei dat verskeie onpadwaardige voertuie geskut en motoriste vir die bestuur van ongelisensieerde voertuie beboet is.
- Danksy 'n wenk van die publiek, is beslag gelê op twee ongelisensieerde vuurwapens en verskeie rondtes ammunisie in 'n huis in Kleinmond.

Rdl. Ntsabo bedank die gemeenskap vir hulle samewerking en ondersteuning en doen 'n beroep op almal om hul deeltjie te doen sodat Overstrand 'n veiliger, gesonder plek kan word om in te woon en te werk.

LOOPBAAN-EKSPO KLINKKLARE SUKSES

BURGEMEESTER RABIE GEE 'N BIETJIE RAAD: "Vind vir jouself 'n mentor – iemand wat jou waarlik sal inspireer om elke dag uit die bed te spring en die lewe met nuwe ywer te pak."

Vroeg in Mei het Graad 12-leerders aan Hawston Hoër die geleentheid gehad om 'n twee dae lange geleentheid by te woon wat nie net informerend en inspirerend was nie maar ook sommer hope pret.

Onder aanvoering van Neo Life in medewerking met die skool en meer as twintig motiveringsprekers komende van 'n wye verskeidenheid bedrywe en organisasies vanuit Hermanus en omstreke is die leerders op 'n heel praktiese wyse blootgestel aan 'n paar loopbaangeleenthede wat hulle tot op hede dalk nog nie eens oorweeg het nie. Verskeie hoëronderwysinstellings was ook byderhand om nie net inligting te verskaf oor die kursusse wat hulle aanbied nie, maar ook om 'n paar baie handige wenke te bied oor hoe daar te werk gegaan moet word om vir 'n studielening of beurs aansoek te doen.

Om te wys dat die Raad bankvas staan agter hierdie veldtog om Overstrand se jeug te inspireer, het Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, onderburgemeester, Lindile Nstabo, asook rdl. Arnie Africa, rdl. Ronald Nutt en rdh. Elnora Gillion ook opgedaag om hul persoonlike ervarings te deel. "As jy daaroor kan droom, kan jy dit doen," het die Burgemeester gesê, maar gewaarsku dat leerders nie links moet lê nie: "Doen jou uiterste bes om goeie resultate te behaal en moenie dat 'n gebrek aan geld jou ontmoedig nie. Wees oopkop en verken elke moontlike opsie om jou drome te verwesenlik, selfs al sou dit beteken dat jy eers 'n ander loopbaanpaadjie moet volg."

WYK 8-RAADSLID EN VOORSITTER VAN DIE PORTEFEULJE BESTUURSDIENSTE EN KOMMUNIKASIE, ARNIE AFRICA, HET NET LOF GEHAD VIR ALMAL WAT BEREIDWILLIG WAS OM HUL LEWENSERVARINGE TE DEEL EN 'N PAAR HANDIGE WENKE TE BIED OOR HOE DROME VERWESENLIK KAN WORD. Voor (l-r): Jay-Dee Lakay (Rupertstigting), Herschel Burns en Stoffel Kees wat met hulle musiek die geleentheid opgekikker het, Portia Kleinsmidt (Neo Life), Lucelle Poole (Hawston Hoër se prinsipaal), René Muller (Neo Life), en Noluthando Kadama (Overstrandverkeer). Agter (l-r): Francois Woodman (Helderstroom-korrektiewe dienste), Marx Mohar (Neptune Divers), Jeffrey Sodladla (Helderstroom-korrektiewe dienste), Angelo Aplon (Overstrand-brandweer-en-reddingsdienste), Fadila September (Hermanus-SAPD), Grant Gillion (Overstrandwetstoepassing), Ralmon Hansen (Overstrand-verkeer), Kevin Warwick (Warwick-sjefskool) en Priscilla Booysen (Rupertstigting)

BOBBEJAANBESTUURS PROGRAM: HUIDIGE REALITEIT

Onlangs het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, ondersteun deur die voorsitter van die portefeuljekomitee investering en infrastruktuur, rdl. Clinton Lerm, en Wyk 9 en 10 se raadslede met die munisipale bestuurder, Dean O'Neill, die direkteur: infrastruktuur en beplanning, Stephen Muller, en senior bestuurder: omgewingbestuursdienste, Liezl de Villiers, vergader om die huidige realiteite van die bobbejaan-bestuursprogram (BBP) te bespreek.

Hierdie vergadering is belê om in die besonder twee kwessies aan te spreek:

- Die meedoënlose en volgehoue beledigings rakende die BBP waaraan sekere individue en organisasies munisipale amptenare onderwerp; en
- Die naderende verstryking van die ooreenkoms wat met die huidige diensverskaffer, Human Wildlife Solutions (einde Junie 2023) aangegaan is, en die verstryking van Overstrand se mandaat om bobbejane in die gebied te bestuur (2024).

Ten einde voortgesette dienslewering ten opsigte van bobbejaanbestuur te verseker, was die aanwesiges dit eens dat oorlegplegings tussen die provinsiale departement van omgewingsake, CapeNature en Munisipaliteit Overstrand so spoedig moontlik 'n aanvang moet neem.

Nog 'n kwessie waaraan onverwyld aandag geskenk moet word, is die hersienning van die BBP gegrond op die mees resente navorsing oor bobbejane. Laasgenoemde sal ook behels dat duidelikheid oor die rol van bobbejaanskakelgroepe (BSG's) verkry moet word.

Tans word hierdie groepe nie as formeel gewettig geag nie en geniet, derhalwe, nie verteenwoordiging op wykskomitees nie. As hulle op laasgenoemde geakkommodeer kan word, sal hulle insette rakende bobbejaanaangeleenthede op die normale formele wyse behartig kan word (d.w.s. verwysing na die betrokke portefeuljekomitee en van daar na die burgemeesterskomitee vir uiteindelike insluiting op die Raad se sakelys).

Verdere bywerkings rakende die voormelde sal verskaf word namate nuwe inligting beskikbaar word.

Dit is betreurenswaardig dat raadslede en munisipale amptenare op 'n daaglikse basis deur verskeie individue gekonfronteer word met lasterlike en ongegronde aantygings rakende die bestuur van bobbejane in die Overstrand. Hierdie gedrag is onaanvaarbaar en bloot demoraliserend aangesien Munisipaliteit Overstrand maar al te bewus is van 'n paar individue wat, in sommige areas, steeds bobbejane voer en aktief inmeng met die beheer van bobbejane deur hulle goedsmoeds na stedelike gebiede te lok en deur alles in hul vermoë te doen om te verhoed dat bobbejane die gebiede verlaat.

Hierdie tipe gedrag lei daartoe dat individuele bobbejane en, op die lange duur, troppe gewoontes aanleer wat interaksie tussen mens en dier verhoog – 'n uitkoms wat dikwels daartoe lei dat bobbejane vermink of selfs gedood word.

Ter wille van alle betrokkenes (bobbejane en mense) doen Munisipaliteit Overstrand weer eens 'n beroep op alle inwoners om bobbejane nie te voer nie, om hul tuine só te bestuur dat geen potensiële kos vir bobbejane beskikbaar is nie, om op 'n bobbejaanveilige wyse met hul afval weg te doen, om hul huise teen bobbejane te beveilig en om nie onnodig met bobbejaan-monitors se werk in te meng nie.

Bobbejane is slim, opportunistiese diere wat altyd opsoek is na ietsie te ete. Om hulle te voer is nie net 'n kriminele oortreding nie, maar beperk ook hul vermoë om in die natuur te oorleef. Moet hulle dus groot asseblief nie voer nie.

Ons wil ook van hierdie geleentheid gebruik maak om diegene te bedank wat hul huishoudelike afval na behore bestuur, sowel as daardie mense op wie se steun ons vir die bobbejaanbestuursprogram kan reken.

SOE-ONDERSOEK VAN STAPEL GESTUUR

President Cyril Ramaphosa het ingevolge Proklamasie R43 van 2022, soos gepubliseer in Staatskoerant 45617 gedateer 10 Desember 2021, die Spesiale Ondersoekeenheid (SOE) gelas om ondersoek in te stel na Munisipaliteit Overstrand se sake met spesifieke verwysing na klagtes wat ontvang is rakende die toewysing van behuising binne die munisipaliteit.

Let in hierdie verband daarop dat hierdie ondersoek voortspruit uit 'n versoek wat Munisipaliteit Overstrand se Raad reeds in 2019 aan die premier van die Wes-Kaap gerig het, naamlik dat 'n forensiese oudit gelas moet word aangesien 'n interne oudit onreëlmatighede binne Overstrand se behuisingsdepartement aan die lig gebring het.

Die SOE-afvaardiging is reeds van alle tersaaklike inligting voorsien en is sedert April 2022 besig om persoonlike onderhoude met verskeie lede van die publiek en die betrokke munisipale amptenare te voer.

Na verwagting sal die afvaardiging sy ondersoek teen 30 Junie 2022 afhandel.

Intussen doen Uitvoerende Burgemeester Rabie en die Raad 'n beroep op alle betrokke partye om hul volle samewerking te gee sodat hierdie aangeleentheid bygelê kan word.

Die bevindings van die ondersoek sal openbaargemaak word sodra dit beskikbaar is.